Jy luister na ……. Dit is nou …… Ek is …….. met die nuus
In die bulletin:
Pensioenfondse en grondhervorming in die visier om ekonomie aan die gang te kry
Mkhize meen die alkoholverbod moet weer ingestel word
En, Motorsport: Ferrari se Formule Een span oor kole gehaal weens verbreking van Covid-19-reëls

Die ANC het verreikende planne in ‘n beleidsdokument bekendgemaak om finansiering te bekom vir verskeie infrastruktuurprojekte om die land se sukkelende ekonomie weer aan die gang te kry. Dit sluit in ‘n verandering aan die wet op pensioenfondse, grondhervorming op nóg ‘n groter skaal en staatsbeheer oor die Reserwebank. Die nuwe beleggings is geoormerk vir energie, water, paaie, huise, openbare vervoer en digitale infrastruktuur. Volgens die hoof van die ANC se nasionale uitvoerende komitee se subkomitee oor ekonomiese transformasie, Enoch Godongwana, is gesprekke met die Tesourie nog aan die gang en verdere besonderhede kan nog nie bekendgemaak word nie.